# ONTSAG VIR GOD VERANDER MENSE EN SAMELEWINGS

Levitikus 19

VOORAF

God het sy volk uit Egipte gekry – nou moes Hy nog Egipte uit hulle uitkry! In die boek Levitikus leer Hy sy volk wat dit beteken om voortdurend in verhouding tot Hom te lewe (L.A.G. mense te wees). Die **heiligheid van God** is die sleutelbegrip in Levitikus en 19:2 is een vd kernverse. In dié boek word 152x na heiligheid verwys – meer as in enige ander boek in die Bybel.

Wat **Levitikus ons leer**, is om volkome toegewy aan die Here te lewe. Hoewel al die wette nie vandag nog vir ons geld nie, geld die beginsels ten grondslag daarvan nog altyd.

Lees Lev 19:1,2, 9-18; 1 Pet 1:13-16

HEILIGHEID IS NIE…

(:2) - **Watter prentjie** het jy in jou gedagtes van 'n HEILIGE? Die woordjie "heilig" het in die volksmond meestal 'n **negatiewe konnotasie**.

- Heilig word met skyn-heilig gelykgestel.
- Heilig word soms as lewensvreemd gesien. Om heilig te wees, moet jy jou onttrek aan die wêreld (klooster).
- Nog 'n moontlikheid is om heiligheid as wettisisme te sien. Heilige mense is vol mag nie's en moenies.

Niks kan verder wees van die betekenis wat Levitikus aan heiligheid gee nie.

LEEF JOU OORTUIGING

**William Lever** het in sy tuisstad, die groot hawestad **Bristol**, in **1885** seep begin maak. Hy het vinnig 'n **seepmagnaat** geword. Hy was die skepper van ***Sunlight*** **s**eep. Sy **unieke bydrae** was goeie, voorspelbare kwaliteit, netjiese verpakking en die eerste handelsnaam vir seep.

**Hy het in 'n skoon lewe geglo**. In 'n wêreld wat deur vuil gekenmerk is, wou hy skoon-wees prakties doen. Daarom moes sy **werkers** ook 'n skoon lewe lei. Vir elkeen van sy fabriekswerkers is vanaf 1888 'n ordentlike huis in 'n woonbuurt van Bristol gebou, wat bekendstaan as ***Port Sunlight***. Uniek vir die tyd het elke huis 'n ordentlike badkamer met warm water gehad. Die badkamer was boonop binnenshuis, en die warm water is deur 'n verhittingstoestel gelewer. Die ontwerp van die huise was só dat die werker by sy tuiskoms eerste by die badkamer uitgekom het. Almal kon hul gesinne dus na werk skoon ontmoet.

Elkeen van die 800 huise in *Port Sunlight* is deur 'n argitek ontwerp, en nie een het dieselfde gelyk nie. Die skema het ontspanningsgeriewe, 'n swembad, konsertsaal, kunsgalery en hospitaal ingesluit.

William Lever se **motto** was eenvoudig: Jou produk kan nie seep wees, maar jou liggaam, klere en omgewing is vuil nie. Dit was die basis agter die skitterende byvoordele wat sy fabriekswerkers, ondenkbaar in die Victoriaanse era, geniet het. Hierdie filosofie het van *Sunlight* 'n internasionale handelsnaam met bekendheid sonder weerga gemaak. Dieselfde geld die maatskappy, *Lever Brothers*, wat later *Unilever* (in sommige markte) geword het.

Kortom, ***Sunlight*** **het hul filosofie beliggaam**: die fabrieksmagnaat is skoon, die fabriek en die produk is skoon, die werkers en hulle gesinne is skoon. Die maatskappy het die waardes wat hul produk moes uitstraal konkreet en prakties beliggaam.

GOD IS HEILIG

In Levitikus 19 verse 1 en 2 word God se mense aan God se karakter herinner: **Wees heilig, want die Here is heilig.** Dat God heilig is, beteken dat Hy verhewe is, indrukwekkend in sy krag, vol glorie by sy verskyning, suiwer in karakter.

WYS MET JOU HELE LEWE JY BEHOORT AAN GOD

**Ons word opgeroep** om te wees wat God is: "Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig." Omdat God uitsonderlik en uniek is, moet die wat aan Hom behoort, ook so wees. Hulle kan nie **net soos** God wees nie, maar hulle **kan met hulle woorde en dade bewys dat hulle aan Hom behoort**. En dit moet op die hele terrein van hul lewe na vore kom: wanneer hulle op die land werk, in saketransaksies, in hul omgang met alle soorte mense, in die uitoefening van die reg en in die huis. Dis duidelik die heiligheid waarvan die Bybel praat **bestaan nie uit 'n onttrekking uit die wêreld nie**, maar geskied in die samelewing (waar die tekkie die teer slaan); om IN die wêreld te wees sonder om VAN die wêreld te wees. Jesus het vir ons 'n voorbeeld gestel deur dit 'n **saak van gebed** vir Sy volgelinge te maak (Joh 17:15). Ons kan en behoort gereeld daarvoor te bid dat God ons deur die Heilige Gees heilig sal maak. Dit gaan nie om mag nie's en moenies, maar om **naby God** te lewe, Hom lief te hê.

HEILIGE VERHOUDINGE MET ANDER

**"Wees heilig, want God is heilig" -** deur nie net te sorg vir jouself nie, maar ook om te sien na die behoeftes van die armes (:9,10 – wenakkers, are, natrossies, korrels …. Kos wat oorgebly het in die yskas!) Beginsel? Ons moenie net oë hê vir wat ons uit die lewe kan KRY nie. Ons het ook 'n verantwoordelikheid om te GEE, om te sorg vir armes, om OM TE GEE.

**"Wees heilig, want God is heilig" -** deur nie jou naaste uit te buit en te beroof nie (:13). Ek mag nie my bevoorregte posisie, of magsposisie, **misbruik** om 'n ander uit te buit of te kul nie.

Ek respekteer die wat gestremd en bejaard is (:14,32) en is onpartydig in regsake (:15). Liefde bepaal my optrede teenoor ander en nie wrok of haat nie (:16-18).

Dit word alles saamgevat deur die woorde: **"Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."** (:18) **Jou naaste** is die persoon wat oor jou pad kom. Heiligheid het duidelik **nie net te doen met** 'n mens se verhouding tot **God** nie, maar ook met ons **onderlinge verhoudinge met ander mense**. DAARIN veral sal ons andersheid gesien kan word. Heiligheid het te doen met die konkrete manier waarop jy met ander saamleef.

"Heiliges is nie onwêreldse wesens wat met 'n onnatuurlike stemtoon praat en nooit lag nie. Heiliges is doodgewone mense wat Christus ken wat met hul leefstyl dit vir ander mense makliker maak om te glo dat God leef en dat Hy ons liefhet." (Nathan Soderblom)

"Heiliges is hulle wat God se wil met 'n glimlag doen." (Moeder Teresa)

VAT SAAM
Heiligheid is **nie net iets innerliks nie**. Dis iets wat konkreet uitgeleef word. **Jy is heilig wanneer** God se karakter in jou lewe gestalte kry. Jy is heilig wanneer jou verhouding met God jou verhouding met ander mense en met God se skepping **positief beïnvloed**.

**HEILIGE SAMELEWINGS**
Waarom het William Lever sy rykdom geneem en *Port Sunlight*, 'n pragtige woonbuurt, vir sy werkers gebou? Volgens sy eie woorde wou hy **arbeidsverhoudinge ver-Christelik**. Hy wou sy besigheid bedryf en sy mense behandel ooreenkomstig die bedoelinge van God. Hy het nie alles vir homself ingepalm nie.

Dit wys ons: Ontsag vir God verander mense. Dit verander samelewings.

Amen
20/02/11

**Besprekingsvrae:**
- Ek het al gehoor van ouers wat hul kinders se monde met seep uitwas as hulle gevloek het. Het dit iets met heiligmaking te doen?
- Hoe help die verhaal oor Sunlight seep ons om die betekenis van die teksvers beter te verstaan?
- Beskou jy jouself as heilig, skynheilig, onheilig, of dalk iets anders?
- Wat staan 'n mens in elk van die gevalle te doen?
- Maak daarvan 'n gebed.